# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

## VRAESTEL 3

## GRAAD 12

**3 Junie 2015**

**PUNTE: 100** **TYD: 2 ½ UUR**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (50) |
| AFDELING B: | Langer transaksionele teks | (30) |
| AFDELING C: | Korter transaksionele teks | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.
3. Skryf in die taal wat geassesseer word.
4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart of 'n vloeidiagram of sleutelwoorde, ensovoorts. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.
6. ALLE beplanning moet duidelik aangedui word. Trek 'n streep deur die beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.
7. Beplan jou tyd so:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 80 minute |
| AFDELING B: | 40 minute |
| AFDELING C: | 30 minute |

8. Nommer elke teks soos dit in die vraestel genommer is.
9. Skryf die titel/opskrif van elke teks bo-aan jou skryfstuk neer.
10. Dui die getal woorde aan die einde van jou skryfstuk aan.
    LET WEL: Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.
11. Skryf netjies en leesbaar.

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye

## AFDELING A: OPSTEL

- Skryf ‘n opstel van 250- 300 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
- Skryf die nommer en die titel van die opstel wat jy kies, boaan.

1.1 HONGER IS DIE BESTE KOK 50

**OF**

1.2 Ek sou kon doen met ‘n miljoen! 50

**OF**

1.3 Wat het jy die meeste geniet van jou skooldae? 50

**OF**

1.4 Lank, lank gelede…. 50

**OF**

1.5 My grootste nagmerrie 50

**OF**

1.6 Kies EEN van die onderstaande visuele tekste (*bl. 3 en 4*) en skryf ’n opstel daaroor. Gee die skryfstuk ’n gepaste titel.


1.6.1



[50]

**OF**

1.6.2



[50]

**OF**


1.6.3




[50]

**OF**

1.6.4




[50]

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120-150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

**2.1 FORMELEBRIEF**

Jy het ’n probleem met ‘n standbeeld in die dorp wat deur vandale beskadig is.

Skryf ‘n brief aan die stadsraadlid en rig jou klagte aan hom aangaande die probleem.

Sy adres is : Posbus 345
Pretoria
2100



Bron: http://www.clipartpanda.com

**OF**

**2.2 KOERANTBERIG**

Jy is ‘n verslaggewer vir *Beeld* en jy moet ‘n berig skryf oor die jongste zenofobiese aanvalle in Gauteng.
Jy moet plekke, datums en gebeure in jou berig aanspreek.

[30]

**OF**

**2.3 OOGGETUIEVERSLAG**

Jou broer het jou ma se motor gesteel om *Kentucky* te gaan koop. Jy het saamgery omdat jy bekommerd was oor jou broer se bestuursvermoë.
‘n Vreemde motor het teen julle vasgery en jy moet nou as ooggetuie ‘n verslag skryf van die gebeure.

[30]

**OF**

**2.4 BROSJURE**

Jou oom het die Lotto gewen en besluit om ‘n gastehuis in die dorp oop te maak.
Jy moet nou ‘n brosjure ontwerp waarin jy die gastehuis adverteer.

[30]

**TOTAAL AFDELING B: 30**

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80-100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

### 3.1 UITNODIGING

Jou sussie verjaar binnekort en dan is sy ses jaar oud. Jou ma het jou gevra om 'n uitnodiging vir haar verjaardag te ontwerp.

.

Bron: https://www.recetacupcakes.net



[20]

**OF**

### 3.2 DAGBOEKINSKRYWING

Jy het die ope dag by **UJ** bygewoon en jy is nou baie opgewonde oor jou studies volgende jaar.
Skryf jou gevoelens neer in jou dagboek oor jou studies wat jy vir volgende jaar beplan.

[20]

**OF**

### 3.3 WENKE

Jy is genooi vir 'n werksonderhoud.
Skryf 8 **wenke** neer oor hoe jy sal seker maak dat jy 'n goeie indruk op die mense maak wat jou vir die onderhoud genooi het. Skryf die wenke **puntsgewys** in volsinne neer.

[20]

**TOTAAL AFDELING C 20**

**TOTAAL VRAESTEL 3 100**